**13 DESEMBER** **SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 1:19-52**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 1:29**

## Die Lam van God neem die sondes weg

Johannes die Doper sien Jesus na hom kom en verkondig: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” Dit is die totale evangelie en die vervulling van al God se beloftes. God het dit in Genesis 3:15 beloof, met die instelling van die Paasfees (Eks. 12) verkondig, deur die profete bevestig (Jes. 53), vervul met die koms van Jesus Christus en almal sal Hom sien voor die troon (Op. 5) as dié Een wat waardig is om die boek oop te maak en die seëls te breek.

Met die Paasfees is 'n lam sonder gebrek geslag en sy bloed is aan die deurkosyne gesmeer as getuienis dat die inwoners slegs kan leef omdat die lam geoffer is. Almal was gereed om te trek en die lam is geëet om krag te kry vir die uittog wat voorlê. God verlos uit genade alleen op grond van sy ryke beloftes en in Christus sien ons sy heerlikheid.

Deur sy gehoorsame dienswerk verslaan Hy as Lam die Satan en verlos die gelowiges van al hulle sonde. Die magtelose Lam aan die kruis word dié Heerser wat met liefde en deernis God se raadsplan laat ontvou deur die seëls te breek. Hy werk in noue gemeenskap met die Vader en doop met die Heilige Gees.

Johannes se dissipels sien die Lam en volg Hom. Hulle wêreld verander, hulle ontvang die Heilige Gees en verkondig die blye evangelie. Volg die Lam en getuig van God se liefde, barmhartigheid en genade in 'n stukkende wêreld!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2* *Dr Sarel van der Merwe (Duineveld)*